Verwysing: 20190819-8052
Lêerno.: 13/9/2
Navrae: Z Isaacs

Eksamenadministrasieminuut: 0008/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Hoofde: Leerderondersteuning, Assesserings- en eksamenkoördineerders en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: November 2019 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS) eksamen: Voltooiing van Skoolgebaseerde Assessering (SGA), Praktiese Assesseringstake (PAT) en Taalmondelingpuntestate

1. Hierdie minuut moet saamgelees word met die *Nasionale Beleid oor die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen* wat as Staatskennisgewings 372 en 373 in *Staatskoerant*, Vol. 587 No. 37652, gedateer 16 Mei 2014 gepubliseer is, en die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings* (KABV's) en die *Regulasies oor die Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring*.

2. **Skoolgebaseerde Assessering (SGA), Praktiese Assesseringstake (PAT'e) en Taalmondelingpuntestate**

2.1 Die gegenereerde puntestate vir die SGA-, PAT'e- en die Taalmondelingassesserings sal teen **06 September 2019** by skole afgelewer word.

2.2 By ontvangs van die puntestate, moet prinsipale seker maak dat al die nodige vakpuntestate vir hulle skole, wat die kandidate volgens vak weerspieël, ontvang is.

2.3 Die volgende vakpuntestate sal nie aan skole gestuur word nie, maar sal direk by die Senior Kurrikulumbeplanners by Hoofkantoor afgelewer word:

Tegniese vakke	Praktiese vakke
Elektriese Tegnologie: Digitale Stelsels Elektronika Kragstelsels Meganiese Tegnologie: Motorkunde Pas en Masjinering Sweis en Metaalwerk Siviele Tegnologie: Siviele Dienste Konstruksie Houtwerk	Dansstudies Ontwerp Dramatiese Kunste Visuele Kunste Musiek Trinity Musiek Unisa Musiek

2.4 Let asseblief daarop dat slegs een afskrif van elke puntestaat vir voltooiing voorsien sal word. Dit is dus baie belangrik dat die skool en vakadviseurs afskrifte van die puntestate na moderering maak en vir rekorddoeleindes by die skool en distrik bewaar.

2.5 Skole moet seker maak dat die puntestate voltooi word en op die dag van die moderering aan vakadviseurs beskikbaar gestel word. Vakonderwysers moet slegs die ongemodereerde punt in die "Punt"-kolom invul.

2.6 Slegs na die finale moderering van elke vak, moet vakadviseurs gemodereerde punte korrek na die "*Mod*"-kolom van die SGA-puntestate oordra.

2.7 Indien die skool die gegenereerde puntestate ontvang slegs nadat die modereringsproses voltooi is, moet die nodige reëlings met vakadviseurs vir die voltooiing en aftekening van die puntestate getref word.

3. Toekenning van SGA-, PAT- en Taalmondelingpunte

3.1 'n Punt **moet** toegeken word aan elke kandidaat wie se eksamennommer op die puntestaat verskyn.

3.2 Dit geld ook vir kandidate wat:

- geskors of tydelik uit die skool geskors is;
- aansoek gedoen het om 'n verandering van sentrum;
- vir 'n langdurige tydperk gedurende die jaar afwesig was;
- op die dag van die moderering afwesig was;
- vir 'n vak by 'n ander skool of sentrum, bv. 'n kunssentrum, geregistreer is; of
- as herhalers/deeltydse kandidate geregistreer is.

4. **Uitstaande SGA-, PAT- en Taalmondelingpunte (kandidate wat afwesig was en diegene wat geen SGA-, PAT- en Taalmondelingpunte het nie)**

4.1 Indien 'n leerder in gebreke bly om **'n komponent of komponente** van die SGA, PAT of Taalmondeling deur die loop van die jaar aan te bied en **geldige redes** daarvoor gee, moet die leerder nog 'n geleentheid kry om in die toegewysde take geassesseer te word, of die leerder moet die uitstaande werk voor die aanvang van die finale jaareindeksamen **(teen 23 Oktober 2019)** voorlê. As dit nie moontlik is nie, moet die punt vir daardie komponent of komponente van die SGA, PAT en/of Taalmondeling **nie oorweeg word nie.** In hierdie besondere geval moet die maksimum punt herbereken word, gebaseer op die oorblywende getal take (soos na verwys in **Tabel 1**).

Tabel 1: **Geldige rede** (SGA, PAT- en Taalmondelingkomponente van vak met leerder se punte):

	Komponent 1	Komponent 2	Komponent 3	Komponent 4	Komponent 5	Komponent 6	Komponent 7
Maks. Punte	**5**	**5**	**30**	**20**	**40**	**40**	**40**
Leerder	4	Het nie aangebied nie (geldige rede gegee)	16	Het nie aangebied nie (geldige rede gegee)	20	15	12

SGA-punt = (4+16+20+15+12)/(5+30+40+40+40)
= 67/155
= 43%

4.1.1 'n "**Geldige rede**" in hierdie konteks sluit die volgende in:

(a) siekte, gestaaf deur 'n geldige mediese sertifikaat wat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn uitgereik is;
(b) humanitêre redes, wat die afsterwe van 'n naaste familielid insluit en deur 'n doodsertifikaat gestaaf word;
(c) verskyning van die leerder in 'n hofsaak, wat deur skriftelike bewyse gestaaf moet word; of
(d) enige ander rede wat as geldig deur die hoof van die assesseringsliggaam of sy of haar verteenwoordiger aanvaar kan word.

4.1.2 Die bewys van sodanige geldige redes moet tydens die modereringsessie saam met bewys van leerderprestasie ingesluit word.

4.2 Indien 'n leerder in gebreke bly om **'n komponent of komponente** van die SGA, PAT en Taalmondeling **sonder 'n geldige rede** aan te bied, moet die leerder die uitstaande werk voor die aanvang van die finale jaareindeksamen **(teen Woensdag, 23 Oktober 2019**) voorlê. As dit nie moontlik is nie, moet aan die leerder 'n nulpunt ("0") vir daardie komponent of komponente van die SGA, PAT en Taalmondeling toegeken word. In hierdie besondere geval moet die maksimum punt, soos hieronder aangedui (verwys na **Tabel 2**), bereken word.

Tabel 2: **Geen geldige rede nie** (SGA-, PAT- en Taalmondelingkomponente van vak met leerder se punte):

	Komponent 1	**Komponent 2**	**Komponent 3**	**Komponent 4**	**Komponent 5**	**Komponent 6**	**Komponent 7**
Maks. punte	**5**	**5**	**30**	**20**	**40**	**40**	**40**
Leerder	4	Het nie aangebied nie (geen geldige rede gegee nie)	16	Het nie aangebied nie (geen geldige rede gegee nie)	20	15	12

SGA-punt = 4+0+16+0+20+15+12)/(5+5+30+20+40+40+40)
= 67/180
= 37%

4.3 Die volgende scenario's moet ten opsigte van die voltooiing van die puntestate beklemtoon word:

4.3.1 In gevalle waar 'n kandidaat **hoegenaamd geen take** voltooi het nie, maar wel 'n **geldige rede** daarvoor gegee het, voeg "999" op die puntestaat in. Bewys van geldige rede(s) moet by die modereringsessie aan die vakadviseurs gegee word en na die Direktoraat: Eksamenadministrasie deurgestuur word.

Implikasies van "999":

- Die kandidaat sal 'n **onvoltooide uitslag** ontvang**,** selfs al is die ander eksamenvraestelle geskryf.
- Die kandidaat sal **drie maande na die vrystelling van die uitslae** gegee word om SGA- en/of PAT-/Taalmondelingpunte voor te lê. Hierdie uitslae moet teen nie later as **08 Maart 2020** deur die vakadviseurs aan die Direktoraat: Eksamen-administrasie voorgelê word. Versuim om die uitstaande SGA-, PAT- en/of Taalmondelingpunte binne die vasgestelde tydsraamwerk voor te lê, sal daartoe lei dat die kandidaat die hele vak moet herhaal.

4.3.2 In gevalle waar die kandidaat geen take voltooi het en geen geldige rede daarvoor gegee het nie, voeg "444" op die puntestaat in. Sodanige kandidaat sal 'n onvolledige uitslag ontvang en moet die hele vak herhaal.

4.3.3 **Alle vakkorreksies sal as onreëlmatighede hanteer word**. Voeg "888" in die puntekolom en lê 'n motivering en bewys (graad 11 of graad 12 kwartaal 1 skoolrapport) saam met die voltooide **Bylaag A**-vorm voor. Die besluit oor die uitslag van die leerder sal deur die Hoof van Onderwys geneem word. **Geen vakveranderinge sal toegelaat word nie**.

5. **Kandidate met spraak- en/of gehoorgebreke**

Kandidate met spraak- en/of gehoorgebreke moet, in plaas van die mondelingpunt, 'n *pro rata*-punt kry, wat gebaseer is op die punte wat hulle in hulle skriftelike werk vir die 2019 Junie- en September-eksamens behaal het.

6. **Prinsipale se aanspreeklikheid vir die voltooiing van puntestate**

Prinsipale moet seker maak dat alle NSS-kandidate in hulle skole die vereiste SGA-, PAT- en Taalmondelingpunte toegeken is. Prinsipale moet die puntestaat onderteken nadat dit deur die onderwyser voltooi is, om te verseker dat hulle aan die instruksie van hierdie minuut voldoen.

7. **Vakadviseurs se aanspreeklikheid vir die moderering van puntestate**

Vakadviseurs neem volle verantwoordelikheid vir die modereringsproses van die SGA-, PAT- en Taalmondelingkomponente, en verseker dat daar aan die moderering, die voltooiing van puntestate en die uitstaande punte voldoen word.

Puntestate of Bylaag A-vorms sal **nie** deur die Direktoraat: Eksamenadministrasie aanvaar word **nie**, tensy dit deur die onderwyser, prinsipaal en vakadviseur onderteken is.

8. **Keerdatum**

Assesserings- en eksamenkoördineerders moet toesien dat die voltooide puntestate die Direktoraat: Eksamenadministrasie teen **31 Oktober 2019** bereik**.**

9. **Uitstaande SGA-, PAT- en Taalmondelingpunte**

Prinsipale word versoek om **nie kandidate met uitstaande** SGA-, PAT- of Taalmondelingpunte direk na die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) **te verwys** ná die vrystelling van die uitslae nie. Die korrekte prosedure om die WKOD oor uitstaande SGA-, PAT- of Taalmondelingpunte te nader, is deur die vakadviseur by die betrokke distrikskantoor.

10. Prinsipale word versoek om 'n afskrif van hierdie minuut aan graad 12-koördineerders en -onderwysers te voorsien.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2019-08-28

Western Cape Government
Education

Directorate: Examinations Administration

ANNEXURE A

Candidates listed on this form will be treated as IRREGULARITIES – NSC 2019
Kandidate wat op hierdie vorm gelys is sal as ONREËLMATIGHEDE hanteer word – NSS 2019

SUBJECT CORRECTIONS (attach a copy of the Grade 11 or Grade 12 Term 1 school report as evidence for each candidate)
VAKREGSTELLINGS (heg as bewys 'n afskrif van elke kandidaat se graad 11- of graad 12- kwartaal 1-skoolrapport aan)

SCHOOL/SKOOL: _____ **CENTRE NO/SENTRUM NR.:** _____

CANDIDATE NUMBER/ KANDIDAAT SE NOMMER	SURNAME, FIRST NAME(S) VAN, VOORNAAM/ VOORNAME	DATE OF BIRTH GEBOORTEDATUM	INCORRECT SUBJECT/ VERKEERDE VAK	CORRECT SUBJECT / KORREKTE VAK	PAPER / VRAESTEL	MAX MARK MAKS. PUNT			MODERATED MARK / GEMODEREERDE PUNT		

	TEACHER/ONDERWYSER	PRINCIPAL/PRINSIPAAL	MODERATOR
NAME (PRINT) / NAAM (DRUKSKRIF)			
SIGNATURE / HANDTEKENING			
DATE SIGNED / DATUM VAN ONDERTEKENING			